*Koedoe* 20: 203–204 (1977)

# TOEVOEGINGS TOT DIE BLOMPLANTLYS VAN DIE BERGKWAGGA NASIONALE PARK

B. L. PENZHORN
*p/a Nasionale Parkeraad*
*Posbus 787*
*Pretoria*
*0001*

*Abstract – Additions to the check list of flowering plants of the Mountain Zebra National Park.* Thirteen additional flowering plant species are reported from the Mountain Zebra National Park, increasing the total reported to 371 species.

In 'n lys van die blomplanteksemplare in die herbarium van die Bergkwagga Nasionale Park word 358 blomplantsoorte vermeld (Penzhorn 1970). Sedertdien is 'n aantal bykomstige plantsoorte versamel of aangeteken. Geen eksemplare van die *Aloe* spp. is in die herbarium opgeneem nie, maar die soorte is in die veld geïdentifiseer. Waar versamelnommers gemeld word, is die eksemplare in die Park se herbarium opgeneem. Duplikate van feitlik al hierdie eksemplare is in die Nasionale Herbarium, Pretoria, gedeponeer. Die 13 bykomstige blomplantsoorte wat hier aangegee word, verhoog die totaal wat reeds aangeteken is tot 371 soorte.

Die Park se herbarium is gerangskik volgens die stelsel van Phillips (1951) en die onderstaande lys is in dieselfde sistematiese volgorde.

*Sistematiese lys*

Fam LILIACEAE

*Aloe broomii* Schonl. Kom wydverspreid deur die Park voor, maar die getal is geleidelik aan die afneem.

*Aloe ferox* Mill. Wydverspreid en volop in geskikte terrein, bv. Fonteinkloof.

*Aloe striata* Haw. Volop in gelokaliseerde gebiede.

*Aloe tenuior* Haw. Kom net op 'n paar plekke voor, waar hulle redelik volop is.

*Asparagus mucronatus* Jessop en *A. striatus* (L.f.) Thunb. is albei in 1965 deur P. W. Roux versamel.

Fam AMARYLLIDACEAE

*Cyrtanthus contractus* N.E. Br. BLP 5910. Teen noordwestelike helling

van rant aan suidekant van Rooiplaat; tussen klippe en *Eragrostis*-polle; helderrooi blomme en geen blare nie; plant *c* 25 cm hoog.

Fam IRIDACEAE

*Tritonia* cf. *lineata* Ker BLP 5933. Wydverspreid op Rooiplaat, maar nie volop nie – ook agter Berghof gesien. In klipperige gebied tussen graspolle; sowat 20 cm hoog; blom oranje met geel uitgroeisels.

Fam GERANIACEAE

*Pelargonium reniforme* Curt. BLP 5903. Naby Kranskop teen suidoostelike helling; tussen klippe net onder rotsrif.

Fam POLYGALACEAE

*Polygala hottentotta* Presl BLP 5932. In die eerste kloof agter Berghof: by fontein op beskutte plek – noordfront. Groot struik *c* 1,5m hoog; geen blare nie; wynrooi blomme.

Fam ANACARDIACEAE

*Rhus pyroides* Burch. BLP 5914. By inloop van Doornhoekdam; langs rivier; boom 3–4 m hoog; nie volop nie. Daar is nou reeds agt *Rhus* spp. in die Park aangeteken.

Fam SCROPHULARIACEAE

*Sutera pinnatifida* Kuntze BLP 5922. In sanderige grond tussen rotse teen noordelike helling by waterval agter Berghof. Klein plantjie met klein blaartjies en pienk blomme.

Fam CAMPANULACEAE

*Lobelia flaccida* (Presl) A. DC. BLP 5904. In beskutte rotsskeur teen suidoostelike helling naby Kranskop; persblou blomme.

*Dankbetuiging*

Dank is aan mev. E. van Hoepen en die personeel van die Navorsingsinstituut vir Plantkunde, Pretoria, verskuldig vir die identifisering van die eksemplare.

## VERWYSINGS

PENZHORN, B. L. 1970. A check-list of the flowering plants in the herbarium of the Mountain Zebra National Park. *Koedoe* 13:131–146.

PHILLIPS, E. P. 1951. The genera of South African flowering plants. *Mem. bot. Surv. S. Afr.* 25.